

**Titel: Kies vandag wie jy wil dien**  
(Kommentaar oor *The Shack*)

**Pastoor: Lucille May**  
**Datum: 2 November 2008**  
**Tyd: 9h00**



### **I Konings 18:17-18**

<sup>17</sup> En net toe Agab Elía sien, vra Agab vir hom: Is dit jy, jou beroerder van Israel? <sup>18</sup> Toe sê hy: Ek het Israel nie in beroering gebring nie, maar u en u familie, deurdat u die gebooe van die HERE verlaat het en agter die Baäls aan geloop het.

### **I Konings 18:21**

<sup>21</sup> En Elía het nader gekom na die hele volk en gesê: Hoe lank huiwer julle op twee gedagtes? As die HERE God is, volg Hom na; en as Baäl dit is, volg hom na! Maar die volk het hom niks geantwoord nie.

### **I Konings 18:38-39**

<sup>38</sup> Daarop het die vuur van die HERE neergeval en die brandoffer en die hout en die klippe en die stof verteer, ja, die water wat in die sloot was, opgelek. <sup>39</sup> En toe die hele volk dit sien, het hulle op hul aangesig geval en gesê: Die HERE, Hy is God, die HERE, Hy is God!

### **I Konings 18:40**

<sup>40</sup> Maar Elía sê vir hulle: Gryp die profete van Baäl! Laat niemand van hulle vryraak nie! En hulle het hul gegryp; en Elía het hulle afgebring na die spruit Kison en hulle daar geslag.

- **Beheer + korrupsie**
- **Wetteloosheid + geslagsverwarring**
- **Kerkverdeeldheid**

**Jesus nie verlaat nie?**

### **Jesaja 59:2**

<sup>2</sup> maar julle ongeregthede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie.

**Geen hiërargie?**

### **I Korinthiërs 11:3**

<sup>3</sup> Maar ek wil hê dat julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man, en die man die hoof van die vrou, en God die hoof van Christus.

### **Johannes 6:38**

<sup>38</sup> Want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het.

**Geen boosheid, sonde of oordeel?**

### **Openbaring 20:11, 12, 15**

<sup>11</sup> En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. <sup>12</sup> En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen;

<sup>15</sup> En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.

### **Romeine 6:4, 16-18**

<sup>4</sup> Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlijkheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.

<sup>16</sup> Weet julle nie dat aan wie julle juisself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid? <sup>17</sup> Maar ons dank God dat julle wel diensknegte van die sonde was, maar van harte gehoorsaam geword het aan die voorbeeld van die leer wat aan julle oorgelewer is, <sup>18</sup> en, vygemaak van die sonde, het julle diensbaar geword aan die geregtigheid.

### **Galasiërs 1:8**

<sup>8</sup> Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees!

### **Geen kerkstruktuur?**

#### **Efesiërs 4:11-16**

<sup>11</sup> En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, <sup>12</sup> om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, <sup>13</sup> totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus; <sup>14</sup> sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluhed om listiglik tot dwaling te bring; <sup>15</sup> maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus, <sup>16</sup> uit wie die hele liggaam—goed saamgevoeg en saamverbond deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate—die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde.

#### **Hebreërs 13:17**

<sup>17</sup> Wees gehoorsaam aan julle leiers en onderdanig, want hulle waak vir julle siele as diegene wat rekenskap moet gee, sodat hulle dit met blydskap kan doen en nie al sugtende nie;

### **God is so gaaf!**

#### **Johannes 1:12**

<sup>12</sup> Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;

#### **Psalm 111:10**

<sup>10</sup> Die vrees van die HERE is die grondbeginsel van die wysheid

#### **Romeine 11:22**

<sup>22</sup> Let dan op die goedheid en die strengheid van God

### **Moenie vir 'n vervalste God val nie!**

#### **Mattheus 4:9-10**

<sup>9</sup> en sê vir Hom: Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid. <sup>10</sup> Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.